# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Ringerstraat Jeugsorgsentrum kyk terug op 'n suksesvolle 2025*

Ringerstraat Jeugsorgsentrum sluit die jaar af met trots en dankbaarheid. Die jaar 2025 was nie net 'n goeie jaar vir die sentrum nie, maar ook vir Gesinsorg Heilbron, wat tydens die Gesinsorg-subprogram-afsluiting nie minder nie as drie toekennings ontvang het.

Die Lighthouse Award is toegeken aan Mmabatho Mamokabe, wat 'n moeder gehelp het om haar voete te vind en 'n nuwe tuiste te bou, sowel as tienermeisies opgevoed het oor tienerswangerskappe. Die Ripple Effect Award is aan Geelbooi Majola toegeken vir sy jaarlikse sokkertoernooi sedert 2009 tydens die 16 dae van Aktivisme. Hierdie toernooi verhoog gemeenskapsbewustheid oor vroue- en kindermishandeling en bespreek dwelmmisbruik en boeliegedrag onder die jeug. Laastens het die kantoor die Guardian Impact Award ontvang vir die beduidende vordering wat dit in die gemeenskap bewerkstellig het.

Die vakansietyd beteken ook kwaliteit tyd saam met familie. Danksy die harde werk van die sentrum se maatskaplike werker kon al die kinders hul families besoek en by ander sentrums gaan kuier. Die sentrum sal gesluit wees vanaf 19 Desember tot 5 Januarie.

Met die nuwe jaar wat nader kom, doen Ringerstraat 'n beroep op die gemeenskap om skryfbehoeftes in te samel vir die kinders. Dit kan gedoen word deur 'n ekstra skryfbehoefte by OK Mini Mark aan te koop en dit in die "Bless met 'n Blikkie"-mandjie voor by die tellers te plaas, of dit direk by die sentrum af te lewer. Elke bydrae help om die kinders se toekoms te verseker.

Kersfees vanuit die oogpunt van 'n maatskaplike werker

Kersfees is vir baie mense 'n tyd van lig, geskenke en feesvieringe, maar vir ons as maatskaplike werkers is dit ook 'n tyd van refleksie en betekenis. Dit herinner ons aan die kernwaardes van ons werk: omgee, empatie, gemeenskap en hoop. Wanneer ons terugkyk op die jaar, sien ons nie net die uitdagings nie, maar ook die veerkragtigheid van die kinders, gesinne en gemeenskappe wat ons ondersteun.

Kersfees leer ons dat selfs klein gebare van vriendelikheid 'n groot verskil kan maak. Die glimlag van 'n kind wat veilig voel, die dankbaarheid van 'n gesin wat weer hoop kry, en die samehorigheid van 'n gemeenskap wat mekaar ondersteun – dit is die ware gees van Kersfees. Dit herinner ons dat liefde en empatie nie net geskenke in blikkies of papier is nie, maar handelinge, woorde en teenwoordigheid.

Mag Kersfees vir almal vrede bring waar daar spanning was, warmte waar daar tekort was, en hoop waar daar onsekerheid was. Mag ons almal hierdie geleentheid gebruik om lig en liefde te deel, en die ware gees van Kersfees in ons harte en in ons werk te dra, lank ná die feesliggies uitgeblus is.

Namens die personeel van Ringerstraat Jeugsorgsentrum en Gesinsorg Heilbron: dankie aan die gemeenskap, ouers, versorgers en kollegas vir julle samewerking deur die jaar. Ons wens vir elkeen 'n geseënde Kersfees en 'n veilige, vreugdevolle en hoopvolle 2026 toe.

# DA calls for urgent action to fix Ngwathe's crumbling roads

*• Issued by Cllr. JP de Villiers – DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe will write to the Municipal Manager, the MMC for Public Safety and Transport, and the Ngwathe Traffic Department to ensure immediate action is taken to repair potholes, repaint road markings, and restore visible street names across our towns. The municipality's own Roads and Stormwater performance report reveals that 0 m² of potholes were repaired in the first quarter of 2025/2026, despite an annual target of 6,000 m².

With the rainy season upon us, every small pothole left unattended will rapidly expand, turning minor defects into significant hazards. Without maintenance, the already deteriorating road network will continue to deteriorate, increasing repair costs and putting motorists at greater risk.

Over the past two months, Ngwathe's own Roads and Stormwater performance reports show 0 m² of potholes repaired in the first quarter of 2025/2026, despite an annual target of 6,000 m² for maintenance, highlighting the municipality's lack of urgency across the board.

Residents continue to dodge craters along roads in Parys, where faded lines and missing signage make intersections hazardous, especially at night and during wet weather.

The lack of clear road markings has turned several high-traffic areas into accident-prone zones. Emergency vehicles and visitors alike struggle to navigate because many street name signs are damaged or missing. This reflects an administration that no longer cares about basic service delivery or public safety. very resident deserves safe, properly maintained roads. The DA will continue to fight for accountability and ensure that taxpayers' money goes where it should, back into our streets, not into excuses.

# UIT DIE PEN: Week 50



As daar nou iemand is wat oor die vreemdste dinge wonder, is dit die uwe.

In Hooglied 7 skryf Salomo, die wyse, die volgende:

"Jou naeltjie is soos 'n ronde kom waarin die kruiewyn nie ontbreek nie. Jou maag is 'n hoop koring met lelies omring."

Ek wonder wie op hierdie aarde het gedink dat bogenoemde 'n kompliment is. Verbeel jou: jou maag lyk soos 'n hoop koring, nogal. Ek kan seker bly wees dat daar nie 'n ander vergelyking gebruik is soos 'n "strandbal" of "koelsak" nie. Ja, ek weet, daar was nog nie strandballe en koelsakke in Salomo se tyd nie. Maar 'n hoop koring vergelyk ook nou nie jou lyf met iets kleins nie.

Aangesien ons nou in Advent is, sing ons Kersliedere. Ag, maar dis tog so mooi. En ek weet ook nie hoekom mens net een keer per jaar Kersliedere mag sing nie. As ek my sin kry, het ek dit by elke erediens ingewerk. Gelukkig sing ons nie daardie irriterende Mariah Carey se liedjie, "All I want for Christmas" nie. Ons sing Stille Nag, Ere aan God, O, Heil'ge Nag en Somerkersfees. Die ander aand het ons ook sommer Lise Beekman se "Sonneblom uit Bethlehem" gesing.

Ons het ook Stille Nag in Engels gesing.

"Silent night! Holy night!
All is calm, all is bright
Round yon virgin mother and child!
Holy infant, so tender and mild,
Sleep in heavenly peace!
Sleep in heavenly peace!"

Ek het vrae oor bogenoemde liedjie. As dit so stil en Heilig is, hoekom word daar vier uitroeptekens in een vers? Impliseer dit dat geskree moet word? Ek weet nie. Terloops, dit is in 1816 deur Vader Joseph Möhr geskryf en Franz Gruber het dit in 1818 getoonset. Dit is in 2011 deur UNESCO as 'n kulturele erfernis verklaar. Waaroor ek die meeste wonder, is die sin: "Round yon virgin". Ek dink ons kom dan weer terug na die hoop koring waarna Hooglied verwys. Dalk wys dit na iemand wat rond (en vet, uitroepteken!) is, of is dit dalk 'n afkorting vir "around"? En yon? Dalk die kort vorm van "yon", dink ek amper. Daar is ook "Kom alle getroues" wat ek toe sommer verander het na "Kom alle getroudes." Daarom mag ongetroudes dit nie sing nie. (Julle weet dat ek nie heeltemal ernstig is nie, nê?)

So het ons baie ou psalms en gesange wat destyds ook vreemde woorde gehad het. Een van my gunstelinge, "U goedheid God kan ons nie peil nie", se vorige woorde was vir my amper Grieks. Ek dink amper dit was "O, goedheid Gods hier nooit volprese". Nou sê my of jy dit verstaan? Want ek wonder nog daaroor.

Nietemin. Ons hoor vanaf 1 Desember Kersmusiek oor die radio en in winkels, in kerke en by ander byeenkomste.

My skoonma en my goeie man se skoonma woon in dieselfde ouetehuis. As ek dit vir ander mense vertel, kyk hulle my eers ietwat snaaks aan (wat sommige mense doen, al sê ek niks) en wonder van wie presies ek praat? *Overgesetsynde:* my ma en my goeie man se ma woon in dieselfde ouetehuis. Ons is baie bly daaroor, want ons kuier sommer by altwee op een slag. Ons pak een van hulle in 'n rolstoel en ry na die ander een se kamer toe. Wanneer ons klaar gekuier is, vat ons daardie een weer terug na hulle kamer toe.

Verlede week het die ouetehuis 'n Kersliedjiepiekniek gehad. Daar was vir almal tafels en stoele op die grasperk uitgepak. Jy kon 'n vleisie braai of klein eetgoedjies saamneem. Daar was ook 'n kunstenaar wat Kersliedere gesing het. Ons kon so tussendeur die singery aan ons kos knibbel. Die liedjies se woorde was op die skerm en ander tannies en ooms het die woorde voor hulle op 'n plamflet gehad. Ek weet nie hoeveel mense daar was nie, dalk so 200 mense, ek weet nie. Daar was 'n springkasteel vir die kleuters indien hulle te woelig raak.

Die kunstenaar het definitief 'n sangles of wat in Nashville gehad, want hy begin met "How great Thou art" soos wat Elvis gedoen het. Hy hang aan die langer note en beweeg rukkerig. So 'n country-twang in sy stem. Ek was nie mal daaroor nie, maar almal se smaak verskil.

Maar dit is nie wat ek van die aand sal onthou nie.

Terwyl hy sing, is daar tannies en ooms wat so oud is soos my grysе ou ma, seker hier vanaf middel 80 tot in die 90, wat hulle hande in die lug steek wanneer hulle sing.

Tannies en ooms wie se dun armpies lyk soos wingerdstokke: knopperig en glad nie reguit nie. En dit sê ek met baie liefde. Hulle oë is toe terwyl hulle uit hulle harte uit sing. Sonder om rond te kyk of iemand hulle sien, en of iemand dalk iets daaroor te sê sou hê. Sonder enige inhibisies. Die tannies en en ooms bedoel wat hulle sing.

Wat my laat wonder het wanneer laas ek en jy 'n gewyde lied gesing het en dit regtig bedoel het?

Wanneer laas het ons in 'n besige winkel hardop saamgesing wanneer hulle Kersliedere speel? Ek doen dit gereeld, selfs wanneer dit nie Kersliedere is nie, en ek verkneukel my aan die mense se gesigsuitdrukkings.

Maar dit is nie hoekom ons moet saamsing nie. Ons hoef nie hardop te sing nie, ons kan maar net die woorde in ons harte herhaal. Want dit is net eenvoudig iets wat heeltemal te groot is vir ons verstand: die feit dat die Seun van die mens op 'n dag uit 'n maagd gebore is.

Die Seun wat ook vir al ons sonde sou sterf.

En al glo jy nie aan Wie ek glo nie, kan jy nie deur hierdie feestyd gaan sonder om aangeraak te word nie.

Mag die Seun wat aarde toe gekom het, ook in jou hart woonplek maak.

Totdat ons mekaar weer raaklees.